# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

REACHING NATIONS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Vol. XIX — YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2025 JULY — No. 01


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**PSALM 8:2-10**

2. Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het!
3. Kinders en suigelinge besing die magtige werk wat U tot stand gebring het. So word u teëstanders, die vyande en wraakgieriges, tot swyge gebring.
4. As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het,
5. wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?
6. U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon,
7. U laat hom heers oor die werk van u hande, U het alles aan hom onderwerp:
8. skape en beeste, alles; selfs die diere in die veld,
9. die voëls in die lug, en die visse in die see wat die oseane deurkruis.
10. Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde.

## JY IS GEKIES OM VRUG TE DRA!

YOU ARE CHOSEN TO BEAR FRUIT!

*Sus. Angel*





Groete vir julle in die onvergelyklike Naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus!

Ek dank en prys God wat ons genadiglik in die tweede helfte van 2025 gebring het. Groot is sy getrouheid!

Terwyl ons in die jaar vorder wonder ek hoeveel van ons nog by ons voornemens vir die nuwe jaar bly. Wat ons vandag is, is die resultaat van besluite en keuses van gister. Net so sal ons lewe môre gerig wees deur hoe ons vandag kies. Elke keuse het gevolge.

Ons staan elke dag voor ontelbare besluite: wat om te eet, of aan te trek, werk toe gaan of nie, en so aan. Ons maak dikwels honderde keuses sonder om dit te besef.

Gee ag op Jesus Christus se stem in al hierdie besluite as Hy sê: "Ek kies jou!" Johannes 15:16 sê: **"Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies ..."**

*....verv. op.bls. 3*


Echo of His Call

*YouTube Christian Channel !*



**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – From 2.00 vm**

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

*** Please Subscribe and Share ***

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

## van julle geliefde broer...

REACHING NATIONS






**Want die Here sal jou beskerm, Hy sal sorg dat jy nie in 'n strik beland nie.**

**- Spreuke 3:26**

### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
EX MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM, MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.

EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.org
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call

Geliefde vriende in Christus Jesus,

Warm groete in die kosbare Naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus!

Deur die soewereine genade van God het ons deur 'n baie spesiale Junie-maand gekom. Dit was 'n seisoen gevul met intense aktiwiteit oor verskeie areas van ons bediening: **Echo of His Call** tydskrif, Evangelie Drukpers, Hoofkerk en Susterkerke, **BYBELKOR** – Bybel Korrespondensiekursus (Basies), **Teologiese Korrespondensiekursus, Nehemia Bybelkolleges, St. Paul Matrikulasie Christelike Engelse Hoërskool**, Vakansie Kinderbediening, Jeugbediening, Hospitaalbediening, Mans en Vroue Bedienings, Sendingsentrums, YouTubebediening, en vele ander insluitend ons administratiewe spanne en gesinne.

Honderde toegewyde persone het getrou gewerk in hierdie verskillende areas. Ons sleutel leiers vergader steeds maandeliks vir gebed, strategiese beplanning, en oorsig oor die terugvoer uit die veld. Ons is dankbaar teenoor ons Heer vir sy oorvloedige genade.



***Sleutelleiers saam vir maandelikse gebed in die Kerk***

Ons spesiale Jeugkamp is gehou op 07 Junie 2025 by **St. Paul Matrikulasieskool** se kampus, waar meer as 200 seuns en dogters teenwoordig was. Dit was 'n kragtige tyd van salwing soos die jonges goddelike visie gekry het vir hul toekoms en hul roeping. Ons sien reeds werklike geestelike verandering in hul lewens, en opmerklik hoe hul nuwe lewens inspirasie en positiewe verandering bring in hul gesinne – veral onder die ouers. Ons gee alle eer aan God vir hierdie groot beweging van sy Gees!





*Spesiale Jeugkamp*

Ons dank God vir die "Family Blessing" kampe gehou van 20 Junie tot 22 Junie by ons **Hoofkerk in Chepauk** en die **Susterkerk in Santhoshapuram.** Die Here het in groot genade sy seën uitgegiet, en ons getuig van 'n groot geestelike oes. Dankie vir julle getroue gebede.

Ons vra nederig julle volgehoue gebede vir al ons bedienaars en die veelsydige bedienings waarin ons betrokke is. Ons staan op die frontlinies van geestelike oorlog teen die magte van die duisternis, en daar is baie uitdagings en hindernisse. Julle gebede en ondersteuning het meer waarde as wat woorde kan beskryf.

Mag God julle ryklik seën.

In sy diens,

*ECHO OF HIS CALL*
*BEDIENINGSPAN.*

E.mail : sam@echoofhiscall.org

*....Contd. from page* 1

Hierdie vers daag ons moderne idee van self-bepaling uit. Ons is dikwels trots op ons eie keuses, veral in ons geestelike wandel. Maar Jesus Christus dop hierdie sienswyse om. Reeds van die begin af trek God ons na Homself toe.

In die ou Joodse tradisie het die jong manne self vir hulle 'n rabbi gekies om te volg. Maar Jesus het dit omgekeer – Hy is die een wat ons kies.

## 1. Verstaan die Konteks!

Dit is belangrik om die konteks van Jesus se gesprek hier in ag te neem as jy die diepte van die teks wil verstaan – konteks is die historiese agtergrond en hoe die dissipels dit beleef het.

## BAIE DRINGENDE KENNISGEWING!




Daar mag onvermydelike onderbrekings kom in die posversending van **Echo of His Call** in die nabye toekoms. As jy **Echo of His Call** steeds wil ontvang sonder onderbreking, stuur asseblief vir ons jou naam, adres, e-pos, en WhatsApp nommer in 'n brief, e-pos, oproep of SMS of WhatsApp-boodskap so gou moontlik.

Jou hulp hierin help ons om jou beter te dien.

**Ons adres:**

**ECHO OF HIS CALL,**
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005, India**
**Cell: (+91) 98412 71858 / 98410 71858 E.mail: sam@echoofhiscall.org**



## PRAYER REQUEST:

Kindly uphold our 3-Day Family Camp, scheduled for August 8 to 10, 2025, in your prayers.

## 2. Historiese konteks!

Jesus het Johannes 15:16 gesê tydens sy laaste Pasga-ete – 'n oomblik van ryke betekenis vir die Joodse mense, want dit het hul identiteit en verlossing as 'n nasie herdenk. Tydens hierdie heilige samekoms het Jesus nuwe definisie gegee aan wat dit beteken om God se volk te wees.

Hy was in 'n geleende bokamer, waarskynlik in Jerusalem, saam met sy twaalf dissipels. Hier, in dieselfde opset, stel Hy die nuwe Nagmaal in en gee sy afskeidsboodskap. Dit is nie toevallige opmerkings nie, maar belangrike waarhede om die dissipels voor te berei en te onderhou nadat Hy sou weggaan.

Dit onderstreep die dringendheid en gewig van Jesus se woorde in sy laaste ure. Dit is woorde met 'n besondere doel, gespreek in liefde met goddelike insig.

## 3. Die Dissipels se Emosionele belewenis!

Stel jou voor hoe die dissipels gedink en gevoel het. Hulle was vir drie jaar al saam met Jesus, het saam met Hom gestap, geëet, mense bedien, terwyl hulle gedurig in die dag en nag by Hom geleer het. Maar die belangrikste, hulle het alles wat hulle gehad het verlaat en Hom gewillig en heelhartig gevolg.

Nou skielik hoor hulle ontstellende woorde van hul Meester, dat Hy gaan sterf, dat een van hulle Hom gaan verraai en nog een Hom gaan verloën. Kan jy jou voorstel hoe verward hulle moes wees? Hulle hele wêreld het onder hulle voete geskud.

Dalk beleef sommige van julle wat hier lees ook verwarring, waar jou wêreld, jou verwagtings, jou vertroue skynbaar uitrafel. Jy vra dalk: Waaraan kan ek vashou? As dit jy is, weet dan: God het 'n spesiale boodskap vir jou.

Sleutel leringe kom dikwels op baie onverwagte geleenthede – veral gedurende krisis-seisoene. Dit was in sulke oomblikke wat Jesus hierdie dinge vir sy dissipels gesê het. Maar hoe kan enigeen vrug voortbring in so 'n uitdagende tyd?

Ek sal hierdie lering in twee dele aanbied. Hierdie maand sal ons nadink oor die eerste deel van Johannes 15:16, oor God se keuse om ons te kies. Volgende maand ondersoek ons die doel agter die keuse: om blywende vrug te dra.

## I. GODDELIKE VERKIESING:

## GOD SE KEUSE HET VIER KANTE

### (a) God begin die verhouding!

Oral in die Bybel is dit duidelik dat God self verhoudings begin. Jesus Christus het gesê: "... maar Ek het julle gekies." Die Griekse woord hier vir "kies" is "eklegomai," en dit beteken om uit te kies vir jouself. Hierdie waarheid word ook in Efesiërs 1:4 herhaal: **... nog voor die wêreld geskep is, het Hy ons in Christus uitverkies ...**

Dit daag ons menslike neiging om te glo dat óns God gevind het, terwyl Hy die een is wat ons deurentyd gesoek het. Dink aan die gelykenis van die verlore skaap. Die herder gaan soek die verlore een. Net so soek ons liefdevolle goeie Herder na jou en my – om ons weer met die Vader te verbind.

Hierdie goddelike verkiesing is nie toevallig of onberekend nie – dit is beplan en innig persoonlik. Uit al die mense in die wêreld het God jou gekies. Wat 'n onbeskryflike voorreg!

Kom ons onthou hierdie fondament-waarheid: Ons bestaan is doelbewus. Jy en ek is met 'n doel geskep. Ons is nie toevallige uitloopsels van die skepping nie. Ons is God se gekiesdes, gevorm volgens sy ontwerp.

### (b) Onverdiende Genade!

God se keuse rus nie op ons waarde of wat ons bereik het nie. Romeine 9:11-12 wys dat Jakob en Esau gekies is voordat hulle enige goed of kwaad gedoen het. Dit wys duidelik God se genade is nie verdien deur wat ons doen of nalaat nie, maar Hy gee dit vryelik. Dit is die ware aard van genade: 'n onverdiende geskenk. Hierdie waarheid maak ons vry van prestasie gedrewe godsdiens.

So, as enige van julle ontmoedig voel omdat jy nie gereeld jou Bybel gelees of gebid het nie, moenie dink jy is 'n verlore saak nie. Ons kwalifikasie kom nie van ons aksies nie, maar van God se genade!

Maar, gereelde gebed, lees van die Woord en ander tyd saam met Hom help ons groei in ons verhouding met Hom, sy wil verstaan, en lewe op 'n manier wat Hom plesier. Ons wandel met die Here gaan nie oor regmerkies op 'n lys of om sekere prestasies te bereik

*....verv. op.bls. 6*

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

**GEBEDSPUNTE - 2025 Julie 19 Tot 2025 Augustus 18**

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God vir ...

**Julie 19** ➲ Sy seën op die nuwe toelatings by **Nehemia Bybelkolleges** en **St. Paul Matrikulasieskool** vir die 2025–2026 akademiese jaar.

**Julie 20** ➲ Sy guns oor ons Mede-redakteurs en hul gesinne.

**Julie 21** ➲ Die pastore en vrywilligers wat in ons Kerke dien.

**Julie 22** ➲ Sy seën op ons **Global Vision for Youth and Kid Care Ministry**.

**Julie 23** ➲ Nuwe gelowiges by ons Hoofkerk.

**Julie 24** ➲ Die vermoë om die Evangelie te bedien in onbereikte gebiede.

**Julie 25** ➲ Die volgehoue toewyding van ons sendingwerkers.

**Julie 26** ➲ Sy beskerming oor ons nasies.

**Julie 27** ➲ Sy salwing op die nuwe gelowiges en dat Hy hulle in die kerk-gemeenskap bring.

**Julie 28** ➲ Die leierskap en eenheid van ons Staatskoördineerders en hul medewerkers.

**Julie 29** ➲ Ons getroue ondersteuners vir hul volgehoue gebede en hartlike ondersteuning.

**Julie 30** ➲ Sy genade oor ons Gebeds-vennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hul gesinne.

**Julie 31** ➲ Die voortgaande werking van ons Evangelie Drukpers en die vaardigheid van die werkers.

**Augustus 01** ➲ Die aanwysing van toegewyde en professionele onderwysers by **St. Paul Matrikulasieskool (Village High School)**.

**Augustus 02** ➲ Oorvloedige seën op Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin.

**Augustus 03** ➲ Sy volgehoue seën op ons toewyding aan die Tydskrifbediening sedert 1969.

## Bid asseblief vir ...

**Augustus 04** ➲ Genade om die onbereikte plekke met die Evangelie te kan bedien.

**Augustus 05** ➲ Eenheid en harmonie onder alle gelowe.

**Augustus 06** ➲ Vrede in die hele wêreld.

**Augustus 07** ➲ Die uitroeiing van geweld teen vroue en kinders.

**Augustus 08** ➲ Goeie gesondheid en krag vir ons Mederedakteurs en hul gesinne.

**Augustus 09** ➲ Integriteit en geregtigheid onder al die nasies.

**Augustus 10** ➲ God se voortgaande leiding vir **Echo of His Call Bedienings** wat vandag sy 57ste jaar begin.

**Augustus 11** ➲ God se seën op die planne van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj.

**Augustus 12** ➲ Eenheid en algehele voortgang vir alle nasies in alle areas van beplanning en ontwikkeling.

**Augustus 13** ➲ Voorsiening vir die nood van mense oor die wêreld.

**Augustus 14** ➲ Die wêreldwye ekonomiese resessie dat dit sal stop.

**Augustus 15** ➲ Die kinders wat geraak is deur die liefde van Jesus Christus tydens die **Vacation Bible School (VBS),** dat hulle sal groei in die Here en getrou sal mee doen in kerkbyeenkomste.

**Augustus 16** ➲ Die staking van geweld teen sendelinge en dienaars van God.

**Augustus 17** ➲ Die vernietiging van die satan se werk wat gesinne wil verbrokkel.

**Augustus 18** ➲ Geestelike en materiële seën oor God se kinders.

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Drie) (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 9.00 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

*verv. v. bls.4*

nie; dit gaan oor lewe in geloof – geloof in sy onverdiende genade.

Daarvoor het Jesus Christus na die aarde gekom: Hy het aan die kruis gesterf, is begrawe, en het weer opgestaan op die derde dag. Hy is wonderlik, soewerein God. Nie weens wie ons is nie, maar weens wie Hy is!

### (c) Gekies in Liefde!

Derdens, die dryfkrag vir God se keuse is liefde. Deuteronomium 7:7-8 wys: **"Die Here het jou nie liefgekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal. Omdat die Here jou liefhet ..."** Sy keuse kom deur sy liefdevolle natuur, nie ons waardigheid nie.

God het ons lief, wat ook al ons verlede. Niks kan ons van sy liefde skei nie. As jy nog nie sy liefde ervaar het nie, of as jy wel het maar huiwerig is om sy kruis te dra, is hierdie boodskap vir jou. God kan deur enigeen werk, ongeag hoe klein of onwaardig die groep mag wees. Wat saak maak is dat hulle Hom liefhet.

### (d) Persoonlike Verkiesing!

God se keuse is intens persoonlik. Jesaja 43:1 sê: **... Ek het**

**NEHEMIAH BYBELKOLLEGES**

Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**

HAAS JOU VIR TOELATING!

Medium :Tamil (Part Time)
Hindi (Residential) (Sponsorship Available)

Diploma in Theology

Bid asb. vir

Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 55 jaar

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

**jou op jou naam geroep; jy is Myne.** Jesus Christus het sy dissipels elkeen persoonlik gekies, heeltemal bewus van hul persoonlikhede, sterktes en swakhede.

Hierdie persoonlike aspek van God se roeping gee bemoediging en betekenis. Ons is nie lukraak keuses nie – ons is een vir een gekies, geken en bemin deur God. (Herhaal saam met my): "Ek is nie 'n lukraak keuse nie – ek is God se spesifieke keuse. Nie tweede nie, maar die beste."

In 1 Petrus 2:9 lees ons: **Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.**

God bevestig dat ons sy gekose geslag is. Onthou, ons is nie maar net gekies nie, maar ons is God se persoonlike, doelbewuste keuse.

Dink aan hoe ons vrugte koop by die mark: ons vat nie sommer enigiets nie. Nee, ons soek wat die beste en mees begeerlike vrugte is. Net so het God ons uitgesoek, doelgerig en liefdevol, om syne te wees. Wat 'n onbeskryflike voorreg en vreugde om te weet die Koning van die konings, die Heer van die heelal, het my gekies om deel te wees van sy gekose geslag.

## II. GOD SE KIES PATROON!

Dwarsdeur die Bybel sien ons 'n gereelde patroon in God se keuses: Hy kies dikwels onwaar-


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

*For more details, write to us.*

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**

**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### Ons bankbesonderhede:

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15**

## Wonderlike Bedienaars In Die Hande van Wonderlike God!

As ons terugkyk na die lewensgeskiednis van verskeie evangeliebedienaars, was ons God en Vader getrou in sy sorg en voorsiening in al die behoeftes van sy dienaars in alle omstandighede. Al sy dienaars mag dalk nie sonder behoefte wees nie, maar Hy was getrou om hulle suksesvol te maak. Hy laat hulle nooit sonder bemoediging nie.

In 1982 was ek genooi om die evangelie te preek in 'n dorpie naby Chennai (Madras). Dit was 'n voldag program. Ek moes met 'n trein soontoe gaan. 'n Paar van my medewerkers was die vorige dag daar om vooraf reëlings te versorg. Vroeg op die bepaalde dag het ek myself voorberei vir die program en na die stasie gegaan na heelwat gebede. Maar ten spyte van ernstige pogings kon ek nie genoeg geld versamel vir my rit nie. My beursie was leeg vir die treinkaartjie, ens.

Toe ek by die stasie kon, was daar 'n lang ry mense wat kaartjies wou koop vir die spesifieke trein. Omdat my teenwoordigheid by die dorpie se program baie nodig was, moes ek eenvoudig soontoe gaan. So staan ek toe in die tou, asof ek ook genoeg geld in my beursie het vir die treinkaartjie soos die ander. In my gees het ek geglo in God vir 'n wonderwerk.

Die tou het stadig beweeg. Mense voor my het fisies hul beursies oopgemaak, geldnote uitgehaal, kleingeld en kaartjies gekry. Maar ek wat net 'n gewone dienaar van God was wie se beursie leeg was, het nie geweet wat ek sou doen wanneer dit my beurt was om geld neer te sit vir my kaartjie nie. My hart het vinnig geklop.

Uiteindelik was dit my beurt om te betaal en die kaartjie te kry. Ek het nie geweet wat om te doen nie. Die man in die kaartjiehokkie vra toe: "Waarheen wil jy gaan?" Toe ek my mond oopmaak en sê: "Ek wil na ......." hoor ek 'n stem van agter af wat die klerk vra: "Meneer, moenie geld van hierdie man vat nie; ek reis ook saam met hom. Ek sal ook geld gee vir sy kaartjie; moet asseblief nie geld van hom vat nie ..." Die kaartjieklerk vra my toe om nie geld te gee nie, want die ander man was sy vriend!

My hart het in stukkies gebreek. Ek kon myself nie beheer nie. Ek het die plek verlaat en gehuil soos 'n kind, met die besef van my Meester wie ek dien se sorg teenoor sy klein dienaar. Die broer het toe my kaartjie betaal en vir my gegee. Ons het saam gereis en ek het my knypsituasie met hom gedeel en hoe God ingegryp het daardie dag. Hy het ook gehuil en God gedank. God het die dag se program ook ryklik geseën!

Liewe leser, die Here Jesus Christus is ook vir jou genoegsaam vir al jou behoeftes. As Hy jou roep vir sy bedienings, moenie huiwer of uitstel nie.

**Hy sal jou nie sonder sorg laat nie ...** (Johannes 14:18).

************

skynlike kandidate. Sy keuse is onvoorspelbaar, platweg en onvoorwaardelik.

### (a) Abraham!

In Genesis 12:1–3 roep God vir Abraham om uit Ur van die



*Abraham het gelieg oor sy vrou Sara*

Galdeërs te trek en Hom na onbekende plekke te volg – 'n geloofstog. Hy was toe 75 jaar oud en kinderloos, maar God beloof om hom 'n vader van baie nasies te maak.

Was hy vlekkeloos? Gewis nie. Hy het gelieg oor sy vrou Sara

deur te sê sy is sy suster, om homself te beskerm teen koning Abimelek (Genesis 20). Hy het Hagar as vrou gevat en haar en hul seun toe later weggejaag. Maar God het getrou gebly aan sy keuse.

God sal getrou bly – ongeag wie jy is!

## (b) Moses!

God het Moses geroep nadat hy al sy selfvertroue en doelgerigtheid verloor het. Hy het homself nie as 'n leier gesien nie, maar was tevrede as 'n skaapwagter toe God hom by die brandende bos geroep het, daarom dat hy een na die ander verskoning aangevoer het (Eksodus 3-4).

Hoeveel van ons doen dalk dieselfde – ons het "verskoonbare verskonings" in plaas van om God se doel vir ons lewe te omhels?

Let op die skerp kontras tussen hoe Moses homself gesien het en hoe God hom gesien het:

Eksodus 3:11: … **Wie is ek dat ek dit by die farao sou waag en dat ék die Israeliete uit Egipte sou bevry?**

Eksodus 4:1: **… Sê nou die Israeliete glo my nie en luister nie na my nie? ...**

Eksodus 4:10: **… ek kan nie goed praat nie …**

Eksodus 4:13: **Asseblief tog, Here, stuur liewer iemand anders.** Dit is Moses se selfbeeld: huiwerig, onseker en onwaardig.

Maar let nou op God se perspektief:

Eksodus 3:10: **Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry.**

God het Moses gesien as 'n verlosser, leier, beskermer en bevryder van sy volk, terwyl Moses homself betwyfel het. God vertrou hom met 'n goddelike sending. Dalk, wanneer jy hier lees, konfronteer Hy sommige van jou eie beperkende self-denke. Dit is tyd dat jy jouself begin sien soos God jou sien.

Moenie vir God inperk nie. Moses was 80 jaar oud toe God hom geroep het. God se tydsberekening is anders as mense se verwagtings. Moses se vermeende onbekwaamhede het die vloer geword waarop God sy mag vertoon het. Die sleutel was om oor te gee – lê alles by sy voete.

## (c) Dawid!



*God het Dawid gekies vir sy hart*

Dawid was maar uit 'n gewone gesin. Geen besondere agtergrond nie en self nie deur sy eie gesin geag nie. En al was hy toe al gesalf, was hy nog maar net die jongste seun, dikwels vergete – maar tog het hy Israel se grootste koning geword.

**God het nie vir Dawid gekies weens sy voorkoms of status nie, maar weens sy hart** (vgl. 1 Samuel 16:7).

Selfs nadat Dawid erg gesondig het en sy oortreding bely het, het God getrou en genadig gebly, al het Hy vir Dawid gedissiplineer. Hy het nie sy liefde onttrek nie, want Hy het Dawid gekies!

## (d) Die Dissipels!

Jesus het die twaalf dissipels gekies uit nie-indrukwekkende agtergronde: Matteus, 'n tollenaar; Simon, 'n seloot; verskeie ongeskoolde vissermans. Hulle was gewone mense, met foute en flaters soos die Evangelies wys.

Tog het Jesus nooit sy roeping teruggetrek nie. In Handelinge sien ons egter radikale vernuwing na Pinkster, wat vir ons God se krag wys hoe Hy werk deur alledaagse mense.

Liewe vriende, ons is nie gekies op grond van ons kwalifikasies nie, maar omdat God dit so wou in sy soewereine en onwankelbare liefde. Sy keuses oortref mense se logika.

Hy kies die swakke om sy sterkte te vertoon. Hy gebruik die dwase om die wyses te beskaam. Hy roep dinge tot stand wat nog nie bestaan het nie. Hy kan uitermate meer doen as wat ons ooit kan vra of verbeel.

Dit is die mag van ons God. Hy kan enigeen gebruik vir sy eer – sy keuses is doelgerig! Onthou, jy is deur God gekies.

Self uitgekies. Doelbewus gekies vir 'n goddelike doel – om vrug te dra. God verwag 'n lewe wat vrug voortbring.

Ek bid dat God julle elkeen sal bekragtig om vrugtevolle lewens te leef vir sy eer, want wanneer Hy kom, sal Hy uitkyk vir vrug.

************

Posted at "Egmore RMS Patrika Channel" RNI TC NO. TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** | **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.org

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS Patrika Channel"
on 4th JULY 2025
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

*JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**